# Die Heilige Gees: Hoe die Gees van ons besit neem

*deur ds. G. B. S. Pasch*[1]

*I. Die Heilige Gees:*

*a. Wie die Heilige Gees is.*

Die Heilige Gees is waaragtig en ewig God saam met die Vader en die Seun in die Goddelike Drie-eenheid! (Vgl. Sondag XX Heidelbergse Kategismus).

In die Nederlandse Geloofsbelydenis (Art. VIII) word die Heilige Gees genoem "die ewige Krag en Moondheid, wat uitgaan van die Vader en die Seun." Saam met die Vader en die Seun is Hulle al drie een in waarheid, in moondheid, in goedheid en barmhartigheid.

Verder glo ons van harte saam met Art. XI (Nederlandse Geloofsbelydenis) dat Hy nie gemaak of geskape of ook gebore is nie, maar alleen van albei uitgaan; dat by in orde die derde persoon is van die Drievuldigheid, van een en dieselfde wese, majesteit en heerlikheid as die Vader en die Seun.

In die Bybel word die Heilige Gees genoem: Die Gees van Christus. (Rom. 8:9). Deur die Heilige Gees kom Christus na hulle toe wat deur die Vader aan Hom gegee is. (Vgl. Joh. 14:18).

*b. Wat die Heilige Gees doen.*

Die Heilige Gees gee aan ons nooit nuwe weldade nie! dit is nie sy taak waarvoor Hy van ewigheid af bestem is nie! Só egter dat hy alleen aan ons die weldade meedeel wat Christus deur Sy lewe, sterwe en opstanding vir ons verwerf het!

Deur die Heilige Gees verkry ons deel aan Christus en leef, handel en dink ons uit en in Hom!

Geen wonder dat die Heidelbergse Kategismus in sy verklaring van die derde hoofdeel van die Apostoliese Geloofsbelydenis as opskrif gebruik: Oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking.

Maar Christus en die Heilige Gees werk nooit los en buite die Verkiesingsplan van God om nie! Alleen die wat God, kragtens sy verkiesing ten ewige lewe, aan Sy Seun gee, alleen aan hulle word die weldade, verdienste en genade deelagtig gemaak deur die Heilige Gees!

Nooit is daar disharmonie nie. Die Seun se werk pas perfek in die raamwerk van God se Raadsplan en die Heilige Gees werk niks nuuts in ons nie, as net dit wat Christus vir ons verwerf het!

*Ons kan dus konstateer:*

Die Heilige Gees is gebonde in sy werk aan God se verkiesing tot die ewige lewe wat God in sy genadeverbond bevestig en aan die vrugte van Christus se verdienste. Wat God die Vader wil in Sy ewige Raadsplan, wil Christus met Sy arbeid doen en wil die Heilige Gees wat Christus gedoen het, oorplant in hulle wat aan Christus deur die Vader gegee is in Sy ewige verkiesing.

Hierdie program van die Drie-enige God aangaande die ware gelowiges wat begin na die Uitverkiesing en volvoer word by die heerlikmaking, deurloop verskillende stadia en word genoem die:

[1] Gereformeerde predikant van Potgietersrus, 1950-1960, oorlede: 1960-02-09

*II. Heilsorde.*

In die heilsorde werk God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees!

Daaronder verstaan ons die weg waarlangs die sondaar in besit kom van die weldade wat deur Christus verwerf is. Tog moet ons die orde nie as 'n volgorde in tyd verstaan nie, maar in logiese sin! Verskillende Gereformeerde teoloë het verskillende volgordes opgestel waarin die verbondsweldade aan die gelowiges gebring word. (Vgl. Kuyper "Het Werk van de Heilige Geest" en Bavinck, "Gereformeerde Dogmatiek I).

Die Vyf Artikels teen die Remonstrante, Hoofstukke 3 en 4 praat in paragraaf 10 dat God almal wat in Christus uitverkies is "kragtiglik roep, met die geloof en die bekering begiftig", maar sê in paragraaf 11 en 13 dat die wedergeboorte daaraan voorafgaan en in hoofstuk 5 word daar dan eers gepraat oor die volharding van die heiliges. Hieruit kan ons dan ook 'n "heilsorde" opmaak.

As daar dan oor die volgorde in die heilsorde geringe verskille is onder Gereformeerdes terwyl hulle vashou aan een, suiwere fondament nl. "uit genade is julle gered" en dit van toepassing bring op die hele heilsorde, wil ons die heilsorde dan soos volg stel:

a. Die begin van die nuwe lewe in ons gewerk deur die Heilige Gees (d.i. wedergeboorte en roeping.)

b. Die voortgang van Gods werk in ons (d.i. geloof en regverdigmaking; die bekering en die heiligmaking.)

c. Die voltooiing van Gods werk in ons. (Deur die volharding van die heiliges heen tot by die heerlikmaking.)

*III. Begin van die nuwe lewe.*

Ons onderwerp nl. Hoe die Gees van ons besit neem, val dan noodwendig onder (a) hierbo genoem nl. Die begin van die nuwe lewe in ons gewerk deur die Heilige Gees (d.i. Wedergeboorte en roeping.)

Om ons onderwerp duidelik te verstaan, moet ons eers kortliks spreek oor (a) roeping en dan ook breedvoeriger oor (b) Wedergeboorte, omdat dit veral in hierdie twee gebeure is waardeur en waarin die Heilige Gees van ons besit neem.

*a. Roeping:*

Die betekenis van hierdie woord kan baie breed verklaar word! So kan ons al van roeping praat as God

1. deur die skepping spreek tot alle mense van sy grootheid, wysheid, almag en goedheid (vgl. Rom. 1:20).

2. tot die heidene spreek deur wat Hy aan volkere en selfs aan persone doen.

3. deur die stem van hulle gewete tot die heidene spreek.

Hierdie bemoeienis van God maak 'n samelewing moontlik en daarin kom 'n waarskuwing van God tot die sondaar (vgl. Psalm 46:11).

Hierdie bogenoemde sou ons dus noem 'n roeping, maar nie met woorde of met Sy Woord nie, maar 'n roeping deur skepping, natuur, geskiedenis, gewete!

Ons kan egter verstaan dat hierdie roeping nie 'n enkele heiden tot saligheid bring nie! Tog is dit van groot belang. Dit bring erkenning ná die dood dat sy straf regverdig is; dit is 'n kontakpunt vir die sending asook vir evangelisasie!

Maar dit is veral ook roeping as God die weggeloopte en weggevlugte sondaar agternaroep!

En daarom spreek roeping veral van genade en barmhartigheid! En as ons 'n definisie moes gee van wat roeping werklik is dan sou ons geen ander kon gee as dit nie, nl.: Die aandrang en die uitnodiging deur die Woord van God tot die sondaar om hom te bekeer en tot sy bestemming in Hom deur Jesus Christus terug te keer en sodoende deel te hê aan God se ewige koninkryk!

God roep dus deur Sy Woord!

Maar die uitslag van Sy roeping kan verskillend wees! Sommige luister... en word gered! Ander luister nie... en vergaan!

Wat is nou die oorsaak van hierdie tweesoortige gevolg van die roeping? Die Skrif sê: Die diepste rede hiervoor lê nie in die mens nie! En as die roeping by twee mense wat altwee dood in die sonde lê, verskillende indruk maak en uitwerking het, dan moet die oorsaak daarvoor in die aard van die roeping lê en nie in die mens nie!

So het Augustinus en ook Calvyn gekom tot 'n onderskeiding in

a. uitwendige en

b. inwendige roeping.

*a. Uitwendige roeping.*

Die uitwendige roeping bedoel God heilig en ernstig en gaan deur die Woord uit na alle mense, ook na hulle vir wie Hy die roeping tot ondergang laat plaasvind, maar die inwendige roeping bedoel Hy alleen vir alle gelowiges wat hy ook met die Heilige Gees begiftig om die prediking en roeping deur Sy Woord van harte vir hulleself toe te eien!

Dit lê egter nooit op die weg van die mens om te sê: Tot my kom alleen die uitwendige roeping nie en die bedoeling van God is nie om my te red nie, maar om my te verdoem!

God roep; ons moet luister en het met God se verborge dinge niks te make nie!

Daarom kan die uitwendige en inwendige roeping nooit van mekaar losgemaak word nie! As ons dit doen, sal ons die werk van die Heilige Gees losmaak van die Woord van God wat Hy as middel bestem het om sondaars tot bekering te roep!

*b. Inwendige roeping.*

Wat die inwendige roeping betref, roep God deur Sy Woord en wel só dat die geloof aan die vergewing van sondes ter wille van Christus se verdienste deur die Heilige Gees gewerk word in ons binneste, veral deur die getuienis van die kerk en in die gemeenskap binne die kerk.

Ons moet egter nie dink dat die krag om ons inwendig na die geloof in Christus te trek in die Woord self sit nie! As iemand hom tot Christus bekeer, is dit nooit te danke aan die prediking self nie, maar aan die Vader wat Hom getrek het deur die werking van die Heilige Gees (vgl. Joh. 6:44 en 45; 1 Kor. 12:3).

Die Woord is 'n swaard, maar 'n swaard van die Gees. Dit raak en verslaan alleen as Hy dit hanteer!

En as die Gees die swaard van die Woord hanteer gaan dit min of meer so: Dit is ek — ek herken my uit die woord! Ek sien my verwronge beeld in die spieël wat die Gees voor my stel. Die diepste van my ellende dring hom aan my op en die Gees sorg dat deur die Woord Christus dan vir my begeerlik word — en — uit die ellende roep ek na Hom om redding!

Bogenoemde proses is gewoonlik nie oombliklik nie — dikwels 'n lang proses! 'n Proses,

dikwels van kindsbeen af wat plaasvind langs die weg van die Verbond!

Die inwendige roeping vind dus plaas na Christus toe sodat ons in volle diensbaarheid aan Hom toegewy mag wees en alleen só kom ons ook tot die Vader!

Maar omdat ons na Christus geroep word, roep Hy ons deur Sy Woord en Gees ook tot Sy kerk, Sy bruid, waarin Christus Hom sal verlustig tot in ewigheid!

En agter die roeping (vgl. b. hierbo) lê God se verkiesing!

So moet ons ons dan altyd stel onder God se uitwendige roeping. Sy roepende Woord om ons daardeur te laat ondersoek. Sodoende sal ons kan vasstel of daar geluister word na die roeping en roepstem van die Goeie Herder. Sou ek in die geloof dit weet, weet ek ook van my verkiesing, 'n wetenskap waaruit die dankbaarheidsdaad opbruis soos uit 'n lewende fontein!

*IV. Wedergeboorte*

a. Ons onderwerp: Hoe die Gees van ons besit neem vind veral plaas deur 'n daad van God nl. Die Wedergeboorte. Die woord "wedergeboorte" is nie volop in die Bybel nie. Christus gebruik die werkwoord van hierdie woord in Joh. 3:3. Paulus gebruik die woord net eenmaal t.w. Titus 3:5. Petrus praat daarvan in 1 Petrus 1:23!

Die begrip "wedergeboorte" is egter volop in die Woord van God! 1 Joh. 3:9; Ef. 4:24; 2 Kor. 5:17, ens. Maar of dit die woord self is of die begrip, altyd bedoel die Heilige Skrif daarmee die herskepping in die kiem van die ganse mens deur 'n daad van God, waarin Hy alleen gebonde is aan Sy Uitverkiesingsgenade!

Daar was 'n tyd toe gelowiges die woord gebruik het om die algehele geestelike vernuwing van die mens aan te dui. Maar deur stryd en worsteling heen, veral teen die Remonstrante, het die suiwerheid van die begrip wedergeboorte al sterker op die voorgrond gekom sodat ons nou weet en handhaaf dat dit beteken: die inplanting van 'n totale nuwe lewensbeginsel. In hierdie betekenis kry "geboorte" in die woord "wedergeboorte" die klem! By 'n geboorte dink ons as vanself aan die wording en die ontstaan van die lewe en wel só dat die een wat gebore word nie verantwoordelik is vir sy geboorte nie, daarmee niks te maak het nie — dit vind plaas deur 'n daad buite homself! Pas lg. op die woord wedergeboorte toe, dan beteken dit net een ding: God ontvang alle eer en aan die mens word alle eer ontneem! Die nuwe lewe van die wedergeboorte is enkel gawe! Uit lg. moet ons dan ook aflei en verder konstateer langs welke weg God die wedergeboorte werk:

i. God werk die wedergeboorte onmiddellik! D.w.s. die wedergeboorte is 'n regstreekse en onmiddellike werking van God deur die Heilige Gees in die innerlike wese van die mens wat hom, sonder dat hy vra of weet of wil, in beginsel na die ewebeeld van God vernuut! Dit kan moontlik wees dat hierdie innerlike vernuwing gepaard gaan met die uitwendige roeping deur God se Woord, maar die wedergeboorte is nooit afhanklik van die werking van die Woord nie, maar van God se uitverkiesende welbehae deur die verdienste van Jesus Christus!

Tussen hierdie wederbarende werking van die Heilige Gees en die voorwerp van sy werking, nl. die mens staan daar niks nie, geen werktuig, geen instrument van Woord, Sakrament, prediking of prediker, wil of daad van die mens nie!

By herhaling en sterke klem: Die Heilige Gees werk in die harte van die uitverkorenes die wedergeboorte onmiddellik.

ü. Die Wedergeboorte is onweerstaanbaar. Uit bg. is hierdie kenmerk van die wedergeboorte baie duidelik. Dit lê nie in die mag van die mens om te wil of nie te wil nie! Hieroor spreek Rom. 9:16 duidelike taal. So is die wedergeboorte dan 'n opwekking uit die dood deur die intrekking en inwerking van die Heilige Gees en God werk dit onweerstaanbaar sonder ons in

ons! Vergelyk hier die duidelike omskrywing in die Dordtse leerreëls, hoofstukke 3 en 4. Art. 12.

iii. Die Wedergeboorte sluit geen dwang in nie! Sonder dwang vind dit plaas, want deur die wedergeboorte wat plaasvind, word ons vrygemaak van die heerskappy en dwang van die sonde, word ons lewe gered van die dood en word dit die begin van die nuwe lewe wat uit- en deurloop in die ewige lewe!

b. As vanself kom die vraag nou op wat daar in die mens gebeur wat die genade van die wedergeboorte uit God se hand ontvang? 'n Moeilike vraag omdat ons selfs verbaasd en stom ontroerd staan by die oorsprong en geboorte van 'n kindjie wat hierdie lewe binnegebring word! Die misterie hiervan. en van die wedergeboorte kan ons nie waarneem of verstaan nie — ons kan alleen begin waarneem en sien as God klaar gewerk het — die gevolge van Sy werk!

Ons kan egter opmerk dat die nuwe lewe ondeurgrondelik is in sy oorsprong en wese. As Christus aan Nikodémus onderrig gee dan gebruik Hy die beeld van die wind wat waai waar hy wil — jy hoor die geluid — maar, weet nie waarvandaan hy kom en waar hy heengaan nie. Só is dit met elkeen wat uit God gebore is!

Die nuwe lewe is met Christus verborge in God en is verborge nie alleen vir die wat buite is nie, maar selfs ten dele ook vir hom in wie die wonder plaasgevind het!

Abraham Kuyper probeer dit maar beskryf as hy sê: êrens in ons verborge gemoed is die sentrum van ons wese, die middelpunt van ons "ek", die stamwortel van ons persoonlikheid... van nature is hierdie beheersende punt in ons, waar die aard van ons wese heerskappy voer..; sondig, sleg en goddeloos... Nou kom die Here onse God in die wedergeboorte en werk in die beheersende sentrum van ons wese!

En dan... ons leef onder 'n ander wet, uit 'n nuwe lewensbeginsel. Daar word, deur die nuwe vormende krag, 'n nuwe mens in ons uitgebeitel — 'n mens na die beeld van God herskape in ware geregtigheid en heiligheid!

Die wedergeboorte, deur die Heilig Gees, omvorm die mens tot 'n nuwe mens!

Maar dit is uiters belangrik: Ek word geen ander mens nie — my talente en gawes deur God gegee, bly, maar hulle word deur die nuwe lewe, die inwoning van die Heilige Gees van sonde uitgewan en uitgesuiwer!

Was dit 'n ander mens wat deur die inwoning van die Heilige Gees tot stand kom, dan het die sonde dit reggekry om werklik 'n skepping van God te vernietig! Maar die mens word 'n nuwe skepsel in die sin dat hy 'n verloste mens is by en in wie Christus deur Sy Gees alles nuut maak en al die onnatuurlike en teennatuurlike van die sondemag verpletter om aan Sy Vader 'n skepsel voor te stel in Hom verlos, geheilig deur Sy Gees, lewend tot eer van God!

c. Die Wedergeboorte het besonder waarde vir die praktyk van ons geloofslewe.

Deur die Wedergeboorte het ons nie vreemdes geword in hierdie wêreld nie, juis omdat hierdie wêreld God se wêreld waarin die nuutgeborenes moet werk tot eer van God om sodoende die wêreld te vernuut na die skeppingsgedagte van God. Die wedergeboorte is die herstel van die oorspronklike beeld van God in ons en dan weet en glo ons ook dat die nuwe lewe wat ons deur die Heilige Gees van God ontvang het, nie vreemd staan teenoor hierdie wêreld wat God geskep het nie, al staan die nuwe lewe in 'n ernstige en verbete stryd teenoor alles wat bedorwe en sondig daarin is. Daarom is die taak van die wedergeborene om te stry teen die sondige en in sy hele lewe te vra die eise van God soos geopenbaar in Sy Woord sodat Sy koninkryk kan kom in hierdie wêreld!

So beantwoord ons weer aan ons doel! Ons is in Christus, deur Sy Gees herskape en staan in diens van God, leef vir God met ons ganse lewe uit lewende dankbaarheid en wandel ons voort as beelddraers van God waarin God Hom verlustig. Só is ons van die dood en sonde verlos — vir goed, en lewe ons in Christus tot in alle ewigheid! Eenmaal 'n wedergeborene, is dit onmoontlik om ooit weer uit God se hand en sy heilige doel met ons uit te val!

*V. Slot.*

Die wedergeboorte wat sonder ons toedoen onmiddellik en onweerstaanbaar gewerk word in ons deur die Heilige Gees is 'n welbehaaglike genadedaad van God, vra en roep by die gelowige om dankbaarheid as vrug van God se werk in ons!

En so word weer die vrugte nl. die dankbaarheid, die bekering en wat nog meer, die bewysgronde van die wetenskap dat ek ook uit genade tot kind van God wedergebore is.

BRONNE:

1 Die Kosbare Goud. (Versamelwerk van Gereformeerde Predikante).

[2] De Heilige Geest, Onder redaktie van dr. J. H. Bavinck, dr. P. Prins, prof. dr. G. Brillenberg Wurth. — J. H. Kok, Kampen 1949.

3 W. A. Wiersinga: Gods Werk in Ons — J. H. KOK, Kampen 1952.

4 Dr. A. C. Honig: Gereformeerde Dogmatiek — J. H. Kok, Kampen 1938.

[5] Institusie Johannes Calvijn, vertaald door dr. A. Sizoo.

[6] Dr. A. Kuyper: Dogmatiek Dictaten.

[7] Prof. dr. H. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek.

[8] Dr. A. Kuyper: De Heilige Geest.